2018/12/07
08:38 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/12/07	DATUM 2018/12/06			+ - LAST WEEK 2018/11/26	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	24948	-79.40	-0.3%	25027	2.7%	24286
Goud (Spot)	1239.4	-0.23	0.0%	1239.63	1.2%	1224.9
Brent $/vat	60.23	-1.29	-2.1%	61.52	0.8%	59.78
1 € / US$	1.1366	0.00	0.3%	1.1334	0.2%	1.1347
1 US$ / ZAR	14.05	0.050	0.4%	14.00	1.7%	13.82
Corn	R 2 057.60	-6	-0.3%	R 2 063.51	*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day	
Wheat	R 2 608.09	-38	-1.4%	R 2 646.14	* CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 694.77	21	0.4%	R 4 673.95	* CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day	

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)

Corn Dec 18	372.00	-2.40	-0.6%	374.40
Wheat Dec 18	505.20	-9.20	-1.8%	514.40
Soybeans Nov 18	909.40	0.80	0.1%	908.60

PLAASLIKE MARKINLIGTING				
SORGHUM Mar '19	3700.00	0.00	0.0%	3700.00
WMAZ Spot	2499.00	41.00	1.7%	2458.00
WMAZ Dec 18	2576.00	36.00	1.4%	2540.00
WMAZ Jul 19	2663.00	27.00	1.0%	2636.00
YMAZ Spot	2464.00	34.00	1.4%	2430.00
YMAZ Dec 18	2518.00	30.00	1.2%	2488.00
YMAZ Jul 19	2559.00	29.00	1.1%	2530.00
SOY spot	4734.00	34.00	0.7%	4700.00
SOY May 19	4943.00	22.00	0.4%	4921.00
SUN Spot 18	5200.00	30.00	0.6%	5170.00
SUN May 19	4783.00	44.00	0.9%	4739.00
WHEAT Dec18	4245.00	21.00	0.5%	4224.00
WHEAT Mar 19	4358.00	18.00	0.4%	4340.00
WHEAT May 19	4417.00	21.00	0.5%	4396.00

Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit

	Invoerpariteit	Uitvoerpariteit
	3467.00	1768.00
	3890.00	2113.00
	3397.00	1906.00
	3474.00	1982.00
	3340.00	2113.00
	3397.00	1906.00
	3474.00	1982.00
	6062.00	4022.00
	6524.00	4465.00
	5862.00	4306.00
	5862.00	4306.00
	4465.00	4145.00
	4534.00	4214.00
	4772.00	4452.00

BY DIE GELD PUT OPSIE

	WM	YM
JUL '19 TERMYNPRYS	R 2 663.00	R 2 559.00
PUT TREFPRYS	R 2 660.00	R 2 560.00
PUT PREMIE	R 272.14	R 196.23
MIN SAFEX PRYS	R 2 387.86	R 2 363.77

WEEK NR. 31

	WM	YM	TM
WEEK TOTAAL	11 295	5 018	16 313
JTD TOTAAL	273 387	1 354 024	1 627 411
UITVOERBAAR	1 550 000	2 455 000	4 005 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	18%	55%	41%
TEMPO/WEEK BENODIG	60 791	52 427	113 219

MIELIE UITVOERE

MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS

	WM	YM	TM
WEEK TOTAAL	8 295	11 689	19 984
JTD TOTAAL	6 255 836	5 475 418	11 731 254
NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 601 560	5 779 650	12 381 210
% GELEWER VAN OES	95%	95%	95%
TEMPO /WEEK BENODIG	26 594	23 402	49 997

KORING INVOERE

	2018/19	2017/18	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	54 190	57 195	37 425
JTD TOTAAL	144 245	520 235	355 067
TOTAAL BENODIG	1 400 000	2 173 234	1 727 637
JTD AS % VAN BENODIG	10%	24%	21%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

Markoorsig: Die rand verhandel vanoggend teen R14.01/$ wat byna onveranderd is vanaf die vlak waarteen dit gister-middag met marksluiting verhandel het. Die rand het gister hoofsaaklik onder druk gekom nadat die tekort op die lopende rekening in die 3de kwartaal van 2018 vergroot is tot 3.5% van die BBP. Dit het verhoog vanaf die 3.4% van die BBP soos wat in die 2de kwartaal van 2018 gerapporteer is. Die groter tekort op die lopende rekening is hoofsaaklik as gevolg van 'n kleiner handelsurplus wat gedurende die 3de kwartaal van 2018 gerapporteer is. Die lopende rekening is 'n aanduiding van die handel wat plaasvind tussen SA en die res van die wêreld. Die graderingsagentskap, Fitch, het die Suid-Afrikaanse kredietstatus onveranderd gelaat vanaf die vorige aankondiging, met die vooruitsigte as stabiel. Hulle het egter gewaarsku dat die lae ekonomiese groei, die groeiende staatskuld en die risiko's met die groeiende sosiale en politieke spanning risiko's inhou vir verdere graderings besluite. Op die kommoditeitsfront verhandel die Brent ruolie prys vanoggend teen $60.23/vat.

Mielies: Die Amerikaanse mieliemark het gister weer onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag nadat dit vroeër hierdie week hoofsaaklik ondersteuning gevind het. Daar is steeds geen spesifieke vordering met die handelsooreenkomste tussen die VSA en China nie alhoewel verlede naweek se gesprekke tussen die presidente van hierdie lande positief verloop het. Die mark behoort hierdie aspekte dop te hou totdat daar werklike tasbare vordering gemaak word al dan nie. Beide die Desember en Maart kontrakte het gister laer gesluit vir die dag. Die verwagting vir die weeklikse uitvoerverkope verslag wat later vandag bekend gemaak word is dat dit tussen ongeveer 800 000 ton en 1.1 miljoen ton behoort te wees. Privaat uitvoerders het uitvoerverkope van 198 000 ton aan die USDA gerapporteer. Dit is vir lewering aan Meksiko. In die weeklikse etanol produksiesyfers is gerapporteer dat die weeklikse produksie ongeveer 1.069 miljoen vate per dag was. Dit is hoër as die vorige week se produksie van 1.048 miljoen vate per dag. Die weeklikse produksie was die hoogste weeklikse produksie sedert Augustus. Algerië het ongeveer 40 000 ton se mielies aangekoop op 'n internasionale tender wat waarskynlik vanaf Argentinië af verkry sal word. Dit is vir lewering gedurende Desember. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande van beide wit en geelmielies wat tans gelys is. In gister se weeklikse uitvoerverslag is aangedui daar 11 295 ton se witmielies vir die week uitgevoer is terwyl die geelmielie uitvoere vir die week 5 018 ton was. Die totale uitvoere vir die seisoen tot dusver is 1.627 miljoen ton.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister weer ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag alhoewel die handelaars steeds in afwagting is vir mee besonderhede rakende die handelsooreenkomste tussen die VSA en China en wanneer China weer Amerikaanse sojabone gaan begin koop. Die verwagting in die mark vir die weeklikse uitvoerverkope verslag wat later vandag bekend gemaak word, is dat die uitvoere vir die week tussen ongeveer 599 000 ton en 901 000 ton behoort te wees. Die verwagting is ook dat daar tussen ongeveer 175 000 ton en 400 000 ton se sojaboon oliekoek uitvoere gerapporteer sal word terwyl die sojaboon olie uitvoerverkope tussen 8 000 ton en 26 000 ton behoort te wees. Volgens nuus vanaf Argentinië behoort die land se sojaboon uitvoere gedurende 2019 'n nuwe rekord van 13.99 miljoen ton te bereik, waarvan 95% daarvan na China toe uitgevoer word. Algerië het 40 000 ton se sojaboonmeel op 'n internasionale tender aangekoop wat vanaf Argentinië en die VSA af verkry sal word. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister weereens onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag met die druk wat steeds op die mark is as gevolg van die lae Amerikaanse uitvoere asook die groot voorrade wat beskikbaar is. Die verwagting in die mark vir die weeklikse uitvoerverkope verslag wat later vandag bekend gemaak word is dat dit tussen ongeveer 300 000 ton en 600 000 ton behoort te wees. In ander internasionale nuus het die VN die wêreld koring produksie vir die seisoen ongeveer 2.8 miljoen ton laer geskat vanaf die vorige skatting en dit word nou op 725.17 miljoen ton geskat. Statistiek Kanada het gerapporteer dat die koring produksie in Kanada ongeveer 6% behoort te wees as verlede jaar se produksie en die totale oes word nou op 31.7 miljoen ton geskat, wat ongeveer 5.7 miljoen ton se durum koring insluit. Egipte het ongeveer 350 000 ton se koring aangekoop op 'n internasionale tender met ongeveer 80% daarvan wat vanaf Rusland verkry sal word en die balans meestal vanaf die Oekraïne. Dit is vir lewering in Januarie. Japan het 144 256 ton maal kwaliteit koring aan gekoop op 'n internasionale tender en dit sal hoofsaaklik vanaf die VSA, Kanada en Australië verkry word. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister goeie ondersteuning gevind en het steker verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In gister se weeklikse invoer verslag is aangedui dat die weeklikse koring invoere 54 190 ton was. Die totaal vir die seisoen tot dusver is 144 245 ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke* / ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.